
# Brokkies Nuus—Gauteng
# September 2012

En uiteindelik raak ons so besig in Gauteng dat ek werklik moet begin wonder waar om te vat en waar om te los. Maar dit is 'n goeie teken. Daar waar die Here ons stuur sal Hy deure oopmaak. Ons is uiteindelik in ons eie huisie op 'n plot en dit is heerlik. Die spasie is wonderlik en ons geniet dit om weer op ons eie te wees.





EG Benoni Kinderkerk gaan baie oulik aan. 4 Maats het hul harte vir Jesus gegee in hierdie klasse en is werklik opgewonde oor dit wat in hul lewens gebeur.
Die jongmense wat my help hier is amazing en altyd so gewillig om meer te leer en die kinders te help om te verstaan waaroor die Evangelie gaan.
Hulle is werklike lewende getuies oor dit wat Jesus in jou lewe moet wees.

## Betshan Teologiese Seminarie

Wat 'n voorreg was dit vir my om die H4K opleiding aan ons EG kerk studente te kon gaan gee. Daar was 25 studente teenwoordig en dit was werklik 'n belewenis. Dit was heerlik om te kon sien hoe elkeen weer die *"kind wees"* in hom/haarself kon ontdek. Die Here het nie net met hulle gewerk tydens die kursus nie, maar met my ook. Soms werk Hy meer met my as met die studente! Hou ons webtuiste dop vir hulle kliniek getuienisse.







## Vakansie Bybelskool—Brentwoodpark —Skattejag

Ons was geseen met 80 kinders die week. Hulle het God se skatkis ontdek asook meer skatte uit die Woord . Soveel maats het hul harte vir Jesus gegee, en ander weer kon net die kans gebruik om sondebeleidenis te doen. Dit was 'n week van wonderwerke! Bid asb saam met ons dat hierdie maats die skatte wat hul ontvang het sal gaan deel daar buite!








Dankie vir jou gebede en liefde !
Belinda Bothma
073 835 5084